Die Hoër Tegnologiese Skool
# John Vorster

## BERGOORGANG VIR HTS JOHN VORSTER-LEERDERS

HTS John Vorster beskik oor ’n bergroete vir leerders aan die noordekant van die berg om skool toe te kan stap. Ons is bevoorreg om so ’n toevoerroete na die skool te hê, maar om die roete te gebruik, moet die leerders by sekere voorwaardes hou vir hul eie veiligheid en omdat die gebruik van die kerkterrein goedertrou aan ons beskikbaar gestel is.

Dit neem ongeveer vyftien minute om die roete oor die berg tot by die skool te voltooi.

- Die eerste deel van die roete begin by NG Gemeente Magalieskruin in Joycelaan.
- Ouers kan hul kinders in die parkeerterrein van die kerk aflaai: **moet asseblief nie op die grasperke parkeer of omdraai nie.**
- Daar is ’n fietsloods waarin fietse toegesluit word, vir die wat met fietse tot daar wil ry.
- ’n Voltydse sekuriteitsbeampte hou oor die fietse en die kom-en-gaan van leerders, toesig.
- Die bergroete begin by Joycelaan, tot op die draai in Edelweisslaan, waar ’n toegangshek tot die bergroete is.
- Die leerders stap dan oor die berg tot by die hek in 30ste Laan, by die skool.
- Om van die roete gebruik te maak, moet elke leerder sy/haar eie toegangskaartjie beskikbaar hê. Aansoek vir hierdie kaartjie word op die aansoekvorm voltooi en die kaartjie word by die algemene kantoor afgehaal. Dit is gratis!

- Ons verwag van die leerders om te alle tye:
  - die bure se privaatheid te respekteer,
  - die natuur te bewaar,
  - flink oor die berg te beweeg en
  - ongerymdhede op die berg dadelik by die mnr. Coetzee, ons terreinbestuurder, aan te meld.

**Die gebruik van dié bergroete is ’n voorreg.**
**Kom ons werk saam om hierdie voorreg te behou.**

## LEKKER STAP!